**BEKERING AS ‘N LEWENSWYSE LOS VAN DIE KERKLIKE BEDRYF VAN BOETEDOENING.**

Luther het in sy 95 stellings die inhoud en waarde van bekering aan die orde gestel. Dit tipe bekering wat ons vandat as Gereformeerde Kerke bely as ʼn daad van dankbaarheid.

Ons ken bekering as deel van ʼn dankbare lewenswyse omdat God ons vir Hom en sy liefde in Christus regmaak. Hierdie bekering is nooit die wyse waarop ons vergifnis kry of deur God regverdig gemaak word nie. Dit is net ʼn daad van liefde uit dankbaarheid dat ons deur God regverdig gemaak is.

In die Heidelbergse Kategismus word hierdie bekering as volg bely:

“Sondag 33
88 Vraag Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering?
Antwoord Uit twee dele: die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Rom. 6: 1,4-6; Ef. 4:22-24; Kol.3: 5, 6, 8-10; 1 Kor. 5:7; 2 Kor. 7:10.

89 Vraag wat is die afsterwe van die ou mens?
Antwoord Dit is ʼn hartlike berou daaroor dat ons god deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug. Rom. 8:13; Joël 2:13; Hos. 6:1.

90 Vraag Wat is die opstanding van die nuwe mens?
Antwoord Dit is ʼn hartlike vreugde in God deur Christus (a) en ʼn lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b) (a) Rom. 5:1; 14:17; Jes. 57:15. (b) Rom. 6: 10,11; Gal.2:20.

91 Vraag Wat is goeie werke?
Antwoord Slegs dié wat uit ʼn ware geloof (a), volgens die Wet van God (b) tot sy eer gedoen word (c) en nie dié wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie. (d)
(a)Rom.14:23. (b) Lev. 18:4; 1 Sam. 15:22; Ef. 2:10 (c) 1 Kor.10:31; (d) Eseg. 20:18,19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

In Luther se tyd was dit anders. Die kerk het nie meer hierdie tipe bekering uit dankbaarheid geken nie. Die Rooms Katolieke Kerk het iets anders in die plke daarvan bedien: boetedoening. tot en met die 95 stellings was dit ook al wat Luther geken het.

In die 95 stellings is Luther besig om die Bybelse betekenis van bekering soos in die Heidelbergse Kategismus vandag bely, weer uit die Bybel terug te vind teenoor die valse bekering van die Rooms Katolieke Kerk, naamlik boetedoening.

Boetedoening is 'n alternatiewe valse bekering op die bekering soos in die Heidelbergse Kategismus bely. Boetedoening is die manier waarop vergifnis verkry word, terwyl bekering volgens die woord van God net uit dankbaarheid is, nie om vergifnis te kry nie; Boetedoening verander elke deel van die bekering in iets wat nie meer die betekenis van die Bybelse bekering het nie.

Luther is as Rooms Katolieke priester in die 95 tellings besig om om aan die verkeerde betekenis van bekering te ontworstel deur die regte inhoud van bekering weer in die Skrif terug te vind.

**Luther se stellings**
1. Omdat ons Here en Meester Jesus Christus sê: "Doen boete" (*Bekeer julle*) (Matt. 4:17) wou Hy gehad het dat die hele lewe van gelowiges 'n lewe van boetedoening (*bekering*) moet wees.

2. Hierdie woord (*bekering*)[*] kan nie in die betekenis van die sakramentele boetedoening verstaan word nie. (Dit is in die sin van bieg en vergoeding wat deur die amp van die priester uitgevoer word nie.)

3. Nogtans beteken dit, (*bekering volgens Matt. 4:17*) nie slegs 'n innerlike bekering nie; Eintlik is die innerlike bekering niks werd nie as dit nie uiterlik op baie wyses die afsterwing van die vlees bewerk nie.

4. Dus bly die straf daar, net so lank soos wat die vyandskap teen jou self bly (Dit is die ware innerlike bekering) Dit beteken dit bly tot met die binnegaan in die hemelryk in.[1]

**Luther se kommentaar op sy eerste vier stellings.[2]**

Ek handhaaf hierdie standpunt (*stellings 1 tot 4)* en lig dit as volg toe.

Eerstens, hierdie stelling is die duidelike gevolgtrekking, wat feitlik die samevatting is, van alles wat gesê is. (*In die 95 stellings*.)

Want wanneer die hele lewe boetedoening en die kruis van Christus is, nie net deur vrywillige kastyding nie, maar ook deur die aanvegtinge van die Duiwel, die wêreld en die vlees (*sondige geaardheid*), ja, ook deur vervolgings en lyding, soos dit uit dit

---

[1] Disputation zur Erläutering der Kraft des Ablasses in Martin Luther Ausgewählte Schriften herausgegeben von Karin Bornkamm und Gerhard Ebeling, Insel Verlag Frankfurt am Main 1983. Erster band bl. 26.

[2] "Die Ablassthesen und die Resolutionen. in Luther Deutsch. Die Werke Matin Luthers in neuer Auswahl für die Gegenwart. Band 2 1981 Herausgegeben von Kurt Aland. Ehrenfried Klotz verlag im verlag Vandenhoeck & Rupert in Göttingen. bl. 32,33.

wat voorafgaande gesê is, uit die hele Skrif, uit die voorbeelde van die Allerheiligste self en al die martelare duidelik na vore kom, dan is dit verseker so dat hierdie kruis aanhou tot die dood en die ingaan in die hemelryk.

Tweedens. Hierdie stelling word ook bevestig deur ander heiliges.

Die heilige Augustinus het die sewe boetepsalms oorgeskryf, onder trane gebid en dit oordink en gesê: Selfs al het ŉ biskop hoe reg geleef, mag hy nie sonder boetedoening van hierdie wêreld afskeid neem nie. Op hierdie manier roep ook die heilige Bernard in sy doodstryd uit: ek het skandelik geleef wat ek het die tyd verspeel. Ek het niks behalwe dat ek weet dat U, o God, ŉ beangste en verslae hart nie nie sal minag nie. (Ps.51:19).

Derdens wil ek hierdie stelling logies bewys.

Die kruis van boetedoening moet, soos wat die apostel sê in die brief Romeine 6 vers 6 aanhou totdat die "liggaam van sonde tot niet gemaak is" en die ou dinge (2 Kor. 5:17), dit is die eerste Adam met sy beeld, tot niet gaan en en die nuwe mens volgens die beeld van God voltooi word.

Vierdens. Die straf om dood te gaan en ook die vrees om dood te gaan wag ten minste nog vir almal. Die angs vir dood is seker die grootste van alle straf en is vir die meeste erger as as die dood self, wat nog te sê van die vrees vir die eindoordeel en die hel, van die angs in jou gewete. en andere."

**Die teenstelling tussen bekering en boetedoening.**

Hierdie kommentaar of toeligting van Luther op sy eerste vier stellings wys wat vir Luther self die hoofsaak is van wat hy aan die orde gestel het. Hy wil bekering losmaak van die kerklike bekeringsbedryf van die Rooms Katolieke Kerk (RKK) en bekering weer sy regmatige plek gee in die lewe van gelowiges.

Dit is die ingrypende verklaring in die eerste twee stellings en eintlik daarmee die bedoeling van al 95 stellings.

Alhoewel Luther nog die woord "boetedoening" gebruik is hy besig om aan hierdie woord die betekenis te gee van "bekering", soos wat bekering in die Bybel beskryf word.

Ons moet onthou dat hierdie nie soos vandag net die woord is vir die biegstoel en wat in die biegstoel van die Rooms Katolieke Kerk gebeur nie. In Luther se tyd was dit die woord waarmee dele soos Matteus 4: 17 in die bestaande Bybelvertaling vertaal was. Luther het die Duitse woord om "boete te doen" ook nog in sy eie vertaling van die Bybel behou.

In sy stellings en uitleg is hy egter besig om nuwe betekenis aan hierdie woorde te gee. Die betekenis van dit wat ons vandag in die geloofsbelydenis, “Die Heidelbergse Kategismus” gee aan die woord bekering as daad van dankbare gehoorsaamheid aan die wil van God in die lewe van gelowiges.

Die eerste stelling is volgens sy eie toeligting die samevatting van die 95 stellings. Die kontras tussen die eerste en tweede stelling is vir hom die hoofsaak wat in die al die volgende stellings verder aan die orde gestel word.

Wat is hierdie teenstelling?

Dit is die teenstelling van bekering as lewenswyse en bekering as kerklike bedryf.

Luther wil bekering nie meer sien as die kerklike bedryf van boetedoening soos wat dit in die biegstoel van die Rooms Katolieke Kerk gewerk het nie.

Hierdie kerklike bedryf het so gewerk:

- jy moet volgens die RKK na die priester in die bieghokkie toe gaan,
- jou sondes daar teenoor die priester erken,
- jy moet jou berou oor hierdie sondes betoon
- dan sal die priester vir jou die verklaring maak, namens God, dat hierdie sondes wat jy bely en oor berou het, deur God nou vergewe is op die oomblik wanneer die priester verklaar dat die vergewe
- vergifnis van sonde gebeur deur die woorde wat die priester uitspreek.
- dan sal die priester verklaar watter goeie dade moet jy gaan doen om jou berou oor jou sonde te bewys.

Na hierdie vergifnis moet jy dus nog hierdie sondes gaan regmaak deur dit wat genoegdoening genoem word. Dit is om geestelike dade soos gebed of welsynswerk te gaan doen om te wys dat jy waarlik innerlike berou oor jou sondes het.

Die RKK boetedoening het die Bybelse bekering ŉ kerklike bedryf en praktyk gemaak. Die RKK bedryf bekering deur die biegstoel en die priester in die biegstoel.

Nou kom Luther en stel dat die hele lewe van die gelowige is bekering soos wat hierdie woord in Matteus 4 vers 7 gebruik word sonder ŉ biegstoel en priesters.. Bekering kan nie die ervarings van bieg en genoegdoening wees soos dit deur die priesters bedryf word nie.

Daarom stel Luther in sy tweede stelling dat die woord “boetedoening”, of te wel dan “bekering”, in die Bybel heeltemal iets anders is as die sakrament van boetedoening deur priesters in die RKK.

Met hierdie teenstelling tussen boetedoening in die hele lewe teenoor boetedoening in die biegstoel, het Luther dan eintlik die begrip boetedoening ter syde gestel vir die Bybelse betekenis van die woord “bekering”.

Daarom moet ŉ mens die 95 stellinge met hierdie verstaan lees: Luther gebruik nog die woord “boetedoening” vir die woord “bekering”, maar omdat hy dit losgemaak het van die kerklike bedryf van boetedoening, beteken die woord “boetedoening” soos hy dit gebruik nou heeltemal iets anders.

Die woord beteken nou bekering soos ons dit in die Reformasie gebruik: die daad van dankbaarheid wat ŉ lewenswyse is met die Here: om jou sondes te bely, teen sonde te stry, jou aan die wil van God te verbind en volgens sy wet met vreugde en in liefde te leef.

Wanneer dit in ag geneem word, kan ŉ mens weer die geweldige deurbraak wat Luther maak met die teenstelling van sy eerste en tweede stelling lees:

1. Omdat ons Here en Meester Jesus Christus sê: “Doen boete” (*Bekeer julle*) (Matt. 4:17) wou Hy gehad het dat die hele lewe van gelowiges ’n lewe van boetedoening (*bekering*) moet wees.

2. Hierdie woord (*bekering*)[*] kan nie in die betekenis van die sakramentele boetedoening verstaan word nie. (Dit is in die sin van bieg en vergoeding wat deur die amp van die priester uitgevoer word nie.)

Bekering is nie ŉ kerklike bedryf deur geestelikes nie. Dit is ŉ lewenswyse van ŉ gelowige met die Here!

Daarom stel Karin Bornkamm in haar voorwoord op die vertaling van die 95 stellinge in die werke van Luther wat sy en Gerhard Ebeling nuut laat vertaal het: “Nogtans het hy alreeds deur die 95 stellinge die boetedoening uit die mag van die sakramentele en hiërargiese mag van die kerk bevry deur dit weer in die persoonlike verhouding van die enkeling met God toe te wys.”[3]

**Luther se begronding vir hierdie teenstelling tussen bekering en boetedoening.**

In sy toeligting motiveer Luther sy stelling en teenstelling op twee maniere: deur die Skrif en deur dit wat hy noem “deur die verstand”.

[3] Disputation zur Erläutering der Kraft des Ablasses in Martin Luther Ausgewählte Schriften herausgegeben von Karin Bornkamm und Gerhard Ebeling, Insel Verlag Frankfurt am Main 1983. Erster band bl. 26.

Hierdie onderskeid van “volgens die Skrif” en “volgens die verstand” gebruik Luther nie net in die 95 stellinge nie, maar in al sy werke.

Wat bedoel hy met hierdie onderskeid  “volgens die Skrif” en “volgens die verstand”?

Hy bedoel dat die inhoud van die openbaring van God in sy Woord is iets anders as dit wat ons vandag sal noem “teologie”. Die een is die inhoud van die Skrif en die ander is teologiese beredenering oor die inhoud van die Skrif.

Vir Luther gaan dit in die Skrif oor die geopenbaarde kennis van en oor God terwyl “verstand” sy eie beredenering van die kennis van die Skrif is.

Met hierdie onderskeid erken Luther dat die kennis van die Woord van God is die hoogste gesag in die stel van geloofsake. Teologiese beredenering en afleidings uit die kennis van die Woord van God is vir hom ook geldig maar dit het minder gesag as die kennis van die Woord van God.

Met hierdie onderskeid erken Luther ook dat die werklike gesag vir geloofsake is die Woord van God. Die voorbeelde oor wat ander invloedryke gelowiges sou sê, die voorbeeld wat hulle gestel het of wat kerklike vergaderinge sou besluit het, is vir hom met hierdie onderskeid, Skrif en verstand, ook ondergeskik aan die kennis van die openbaring van God in die Skrif.

Daarom motiveer Luther binne hierdie onderskeid oor wat die werklike gesag is om stellings te maak tussen “Skrif”, “die voorbeelde en woorde van heiliges” en die “verstand”.

Luther doen in hierdie toeligting van die stelling wat hy vir die res van sy lewe in al sy werke gedoen het. Hy begrond eers sy stellings op die Skrif en dan beredeneer en lig hy dit toe met voorbeelde en teologiese beredenering.

**Luther se Skrifgronde vir sy teenstelling bekering in die lewe teenoor bekering as kerklike bedryf.**

Bekering is deel van die kruisdra van ŉ gelowige!  Dit is Luther se Skrifbewys hoekom bekering nie ŉ kerklike bedryf kan wees nie.

Die Here se oproep dat sy dissipels agter Hom aan moet kom deur hulle kruis op te neem en kruis te dra, is volgens Luther die oproep om bekeerd te leef. Bekering is die lewenswyse waartoe die Here ons oproep wanneer Hy sê ons moet ons kruis dra.

Met hierdie verbintenis tussen bekering en die lewe van kruisdra, kan Luther dan stel dat kruisdra is nie iets wat die kerk bedryf en wat met kerklike geleenthede gereël of gedoen kan word nie.

Kruisdra is die gewone Christelike lewe waarin gelowiges hulle self kasty, bedoelende hulle eie behoeftes tweede stel teenoor die wil van God. Kruisdra is om die versoekings deur die Duiwel, die wêreld en jou eie sondige begeertes te weerstaan en te bestry. Kruisdra is om die lyding te dra van mense wat jou benadeel en te nakom omdat jy God gehoorsaam.

Hierdie kruisdra gebeur nie in die biegstoel of in jou kontak met die priester nie. Dit is hoe gelowiges elke dag met God leef. Daarom stel Luther dan in sy toeligting dat hierdie lewenswyse om jou kruis te dra, hou jou hele lewe tot en met jou dood aan. Bekering is volgens Luther nou deel van hierdie lewenswyse om jou kruis te dra. Daarom kan hy dan ook stel dat bekering iets is wat altyd deel van jou hele lewe is tot en met die dood, nie net enkele kerklike oomblikke nie.

**Luther se voorbeelde om sy eerste 4 stellings te handhaaf.**

As voorbeelde dat bekering ŉ daad is wat deel van jou lewe is en bly, haal hy twee invloedryke gelowiges aan. In die RKK word hulle as “heiliges” gereken. In vandag se geloofstaal sou Luther hulle as “bekende teoloë” aangehaal het.

Hy wys dat Augustinus gesê het dat selfs biskoppe, dit is eintlik die mense wat die boetedoening van die kerk bedryf, tot en met hulle sterwensoomblikke nog tot bekering gekom het.

Dit sê Augustinus as biskop wat self volgens die RKK boete doen deur die boetepsalms oor te skryf, met trane sy eie berou in hierdie Psalms te beween en en sy sondes te oordink. Nogtans verklaar Augustinus dat al het selfs biskoppe al hierdie boetedoening volgens die RKK reg gedoen, hulle nog steeds op hulle sterfbed moet bekeer, want dit is nie iets wat in ŉ kerklike bedryf afgehandel kan word nie. Bekering is deel van jou hele lewe tot en met jou dood.

Hiervoor maak hy dan die aanhaling van Bernard en beredeneer daaruit dat ten spyte van sy boetedoening in die kerklike bedryf hy op sy sterfbed nog steeds met die bekering as lewenswyse besig was. Al sy boetedoenings kon nie maak dat hy as werklike bekering sy lewe met sonde met berou as skandelik kon erken en kon bely dat hy die tyd om God lief te hê verspeel het nie.

Die punt?

Biskoppe, die mense wat priesters aanstel vir die kerklike bedryf van boetedoening, is in hulle lewe met iets anders besig: bekering as lewenswyse. Boetedoening is nie dieselfde as hierdie bekering wat deel van elke gelowige se lewe is nie.

Luther se standpunt sal vandag só klink. Jy kom nie tot bekering wanneer jy vir ŉ predikant of pastoor vertel wat jy verkeerd gedoen en vir hulle sê jy is jammer nie. Jy kom tot bekering as lewenswyse om aan God gehoorsaam te wees elke dag, die hele dag tot en met jou dood. Bekering is ŉ lewe van berou en liefde teenoor God.

Daarom het Luther in hierdie stellings reeds dit wat ons vandag as bekering uit dankbaarheid verwoord. Hy noem bekering kruisdra. In die Heidelbergse Kategismus word dit “die afsterwe van die ou mens genome”, maar is presies dieselfde saak wat Luther “kruisdra” noem. ŉ Lewenswyse waar jy elke dag ŉ hartlike berou het dat jy God deur jou sondes vertoorn en elke dag hoe langer hoe meer van sonde wegvlug.

**Luther se teologiese beredenering om die eerste vier stellings te bewys.**

Luther se verduideliking van sy vierde stelling klink só: " Dus bly die straf daar, net so lank soos wat die vyandskap teen jou self bly (Dit is die ware innerlike bekering) Dit beteken dit bly tot met die binnegaan in die hemelryk in.”

Wat bedoel hy hiermee?

ŉ Mens mag nie hierdie stelling só verstaan asof God jou tot en met jou dood aanhou straf nie. In hierdie stelling gaan dit oor die dood as die laaste gevolge van die sonde. Die feit om te sterf is nog deel van die sonde wat die mens moet afsterf.

Hierdie feit dat jy moet doodgaan beteken dat die dood as straf op sonde nie weg gevat is deur Christus nie. Elke mens moet nog dood gaan.

Gelowiges se vyandskap teen hulle eie sondige geaardheid kan daarom nie met die kerklike boetedoeningsbedryf afgehandel word asof daar nie meer sonde is nie.

Omdat die mens tot en met sy dood ŉ sondige geaardheid het, moet hy tot en met sy dood elke dag die hele tyd met bekering besig wees: berou en sondebelydenis teenoor God.

Hy haal aan dan Romeine 6 vers 6 aan om te bewys dat hierdie sondige geaardheid deel van jou menswees is tot hierdie menswees deur die dood vernietig word en jy deel kry aan die opstanding uit die dood.

So lank as wat jy leef is bekering deel van jou lewe!

**Luther se woede oor aflate laat hom die probleem van die hele RKK kerklike bedryf van "bekering" aanspreek.**

Luther was woedend oor die aflate wat die RKK verkoop het om die bou van die St.Pieterskerk te finansier. Sy woede het ontstaan oor die ligsinnigheid waarop mense nou kon boete doen. Dit was vir hom in stryd met die bekering volgens die Woord van God.

In sy 95 stellings het hy egter nie net teen die verkoop van aflate reageer nie, maar die kern van die probleem aangespreek: die boetedoening van die RKK is nie die bekering volgens die Woord van God nie.

Ons moet ook hierdie begrip hê vir Luther se optrede.

Hy het in sy woede oor die ligsinnigheid van die aflate homself in die 95 stellings uit sy eie posisie en werk as priester uit geskryf. Hy het terwyl hy dit gedoen het nie eintlik die volle impak van wat hy gedoen het besef nie.

Deur teenoor die RKK se boetedoening weer die regte betekenis van bekering te gee, het hy homself vervreem van die RKK sonder om dit so te bedoel, te beplan of te organiseer.

Luther was geen selfversekerde geestelike wat met sy eie waarheid die RKK aangeval het nie. Hy is aangegryp en meegevoer gewees in die ontdekking van wat bekering volgens die Woord van God is. Luther het die waarheid oor bekering stuk vir stuk weer terug gevind en vir homself ontdek terwyl hy teen aflate gereageer het sonder dat hy met die opstel van die 95 stellings bedoel het om met die RKK se boetedoening te breek.

Daarom skryf hy in 1520, drie jaar na sy 95 stellings, as inleiding vir sy boek: "Die Babiloniese Gevangenisskap van die Kerk" : "Of ek nou wil of nie, ek word gedwing om vinnig elke dag geleerder te word, omdat so baie en sulke belangrike geleerdes besig is om my die stryd aan te knoop en my uiters gespanne maak.

Ek het oor die aflate twee jaar gelede geskryf, maar op so manier, dat ek nou baie spyt is dat die boekie uitgegee was soos dit toe geskryf is.

Immers, in daardie tyd kon ek my nog nie van hierdie bygeloof - die Roomse tirannie nie – losmaak nie, met die gevolg dat ek gemeen het dat aflate nie heeltemal verwerp moes word nie.

Ek het tog mos gesien dat dit met groot eenstemmigheid deur almal aanvaar was.

Daarom was dit geen wonder gewees want op daardie tydstip was ek die enigste een wat my oor hierdie steen des aanstoots gekwel het. Later egter, dit het ek te danke aan Sylvester en die broers wat wat hierdie aflate so ywerig verdedig het, het ek gegryp dat hierdie aflate niks anders is as die loutere bedrog van Roomse misleiers nie, waardeur hulle terselfdertyd die geloof in God en mense se besittings tot niet maak.

Ag, kon ek net die uitgewers so ver kry en kon ek net elkeen wat my boekies gelees het, oorreed dat hulle die boeke wat ek oor aflate geskryf het verbrand en in die plek van alles wat ek oor aflate geskryf het net hierdie een stelling sou kon onthou: aflate is nietighede van Roomse bedrieërs." [4]

ds. PJ Kriel

---

[4] Von der babylonischen Gevangenschaft der Kirche 1520 in Die Werke Martin Luthers in neuer Auswahl für die Gegenwart. Band 2 1981 Herausgegeben von Kurt Aland. Ehrenfried Klotz verlag im verlag Vandenhoeck & Rupert in Göttingen. bl. 171.
in